# NUWE BENADERING TOT WATERMETERS SEDERT JULIE 2021

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

Die Stad Kaapstad het sy benadering tot huishoudelike watermeters hersien, en 'n nuwe stelsel is in Julie 2021 ingefaseer. Dit is aan openbare deelname onderwerp en deur die Raad goedgekeur as deel van die begroting vir 2021/22.

Waterbestuurstoestelle (WMD's) wat daaglikse watervolume kan beperk, sal mettertyd wanneer hul lewensduur verstryk deur konvensionele meters vervang word. Die tegnologie wat in konvensionele watermeters gebruik word kan moeiteloos by die Stad se langtermyn-meterstrategie ingesluit word wat 'n hele reeks voordele vir kliënte sal meebring.

Die oorblywende WMD-voorraad in die Stad se store sal geïnstalleer word waar meters vervang moet word, maar sal gedurende die oorgangstydperk op 'oop vloei' gestel word.

Gedurende die komende maande sal WMD's wat reeds in gebruik is op onbeperkte 'oop vloei' gestel word. Alle geregistreerde deernishuishoudings sal 'n toekenning van tot 15 000 kiloliter (15 kℓ) water per maand gratis ontvang. Daar sal ook geen meegaande sanitasiekoste (gewoonlik bereken teen 70% van hierdie waterkoste) wees nie. Dit is die grootste toekenning wat gratis aan deernishuishoudings in die land verskaf word.

## KLIËNTE WAT VIR DEERNISVOORDELE KWALIFISEER

WMD's wat reeds in gebruik is, word vanaf 1 Julie 2021 mettertyd op 'oop vloei' gestel. Dit sal nie onmiddelik gebeur nie, maar sal in fases geskied. Kliënte sal in kennis gestel word wanneer die stellings van hul meters verander word.

Hierdie kliënte sal hul maandelikse watergebruik binne 'n perk van 15 000 liter per maand moet hou (wat gemiddeld 500 liter per dag is), soos deur die Raad goedgekeur is.

As die watergebruik op die residensiële eiendom vir twee agtereenvolgende maande hoër as 15 000 liter per maand is (daaglikse gemiddelde van 500 liter), sal 'n waarskuwingsbrief uitgestuur word waarin gevra word dat die gebruik teen die volgende maand tot die vereiste vlak verlaag word.

As die gebruik ten spyte van die uitgereikte waarskuwing vir 'n derde agtereenvolgende maand hoër as 15 000 liter per maand is (daaglikse gemiddelde van 500 liter), sal 'n watervloeibeperkende skyfie in die meter gesit word wat die watertoevoer tot 'n drupvloei beperk.

Hierdie skyfies is ontwerp om 6 000 liter (6 kℓ) per maand per eiendom toe te laat, in pas met die gratis basiese toekenning volgens Suid-Afrika se nasionale waterstandaarde. **Hierdie skyfie sal vir die volgende 12 agtereenvolgende maande in plek wees.** Ná die tydperk van 12 maande sal die skyfie verwyder word en dieselfde proses vir die eiendom weer begin.

Kliënte wat tans die gebruiksperk oorskry, sal in kennis gestel word om verdere bewustheid van die nuwe prosedures te verseker. Dit sal hulle ook tyd gee om hul verbruik gedurende die eerste twee faktureringsiklusse in die nuwe boekjaar te verminder voor waarskuwingsbriewe uitgestuur word.

Aangesien lekkasies in waterpype in private huishoudings deur die meter as gebruik getel word, moet eiendomsbesitters vinnig optree om lekkasies reg te maak. Huishoudings moet hul maandelikse rekeninge en gebruik elke maand nagaan en kyk of dit noemenswaardig gestyg het, want dit kan op 'n potensiële ondergrondse lekkasie dui. (Die Stad sal steeds help met 'n eenmalige herstel van lekkasies op die deerniseiendom waar dit nog nie voorheen gedoen is nie.) Sien die gids 'soek en herstel lekkasies' by **www.capetown.gov.za/savewater.**

## NIEDEERNISKLIËNTE

Sommige niedeerniskliënte het WMD-meters wat dalk steeds beperkte vloei het. Sedert Julie 2021 word hierdie WMD's ook sistematies op 'oop vloei' heringestel word. Kliënte sal in kennis gestel word wanneer die Stad beoog om die veranderinge aan te bring aangesien huiseienaars/huurders verantwoordelik sal wees vir die betaling van standaardtariewe vir alle water wat op hul eiendom gebruik word.

Dit is belangrik om te onthou dat niedeerniskliënte wie se rekeninge agterstallig is, wat die niebetaling van munisipale dienste betref, hul rekeninge ten volle moet vereffen of 'n ooreengekome betaalreëling moet aangaan in reaksie op skuldbestuurswaarskuwingsbriewe. Versuim om dit te doen sal daartoe lei dat hul watertoevoer beperk word of met behulp van 'n vloeibeperkende skyfie tot 'n drupvloei verminder word. Dit is in pas met die huidige skuldbestuursprosedure in die Stad se beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering.

## WYSE BESTUUR VAN WATERGEBRUIK

Inwoners word aangemoedig om hul watergebruik te bestuur as deel van ons gesamentlike poging om 'n volhoubare vlak van watergebruik te handhaaf.

Eienaars van residensiële eiendomme met huurders (insluitend verhuurders met agterplaashuurders) moet die totale/algehele watergebruik op hul eiendom noukeurig dophou, en seker maak dit bly onder die goedgekeurde perk. Dit is die eiendomsbesitter se verantwoordelikheid.


Vir nuttige gidse oor hoe om water te bespaar, lekkasies op te spoor en te herstel, en gryswater veilig te gebruik, gaan na: **www.capetown.gov.za/savewater.**

# HOE OM JOU WATERMETER TE LEES

**Dit is nie moeilik om 'n watermeter te lees nie. Maak die houer oop waarin jou meter is – jou meter behoort te lyk soos een van die twee tipes wat in Kaapstad gebruik word. Albei meters wys dieselfde inligting, maar op 'n effens anders manier.**




**Die een tipe meter het 'n stel syfers bo en wysers onder.**




**Die ander tipe het net syfers en geen wysers nie.**

## MONITOR JOU WATERGEBRUIK OM DIT BETER TE BESTUUR

Jy kan jou meterlesings monitor om te sien hoeveel jy gebruik of om te kyk of daar 'n lekkasie is. Op die meter met die wysers word die klein volumes aangedui deur die wysers vir liter of milliliter. Op die meter wat net syfers het, kyk heel regs langs die stel syfers waar die liter (tweede van regs) en milliliter (heel regs) aangetoon word. Kyk gereeld, bv. weekliks of maandeliks, met hoeveel die syfers styg. Om te kyk of jy 'n lekkasie het, stop alle watergebruik in die huis en kyk wat die meterlesing is. Wag omtrent 15 minute en kyk dan weer wat die meterlesing is. As die syfers gestyg het, beteken dit jy het 'n lekkasie.

## MELD ALLE STUKKENDE METERS AAN

**Aanlyn:** www.capetown.gov.za/servicerequests
**E-pos:** water@capetown.gov.za
**SMS:** 31373, en noem die ligging en kontaktelefoonnommer deur nie meer as 160 karakters te gebruik nie
**Bel:** 0860 103 089
**Besoek 'n instapsentrum:** www.capetown.gov.za/facilities

As die inbelsentrum hoë oproepvolumes het, probeer een van die ander aanmeldingskanale.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**